



2) WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 1

3) ASPEKTE VAN DIE WOORDGROEP-
STRUKTUUR

C.J.H. Kruger

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1976

ASPEKTE VAN DIE WOORDGROEPSTRUKTUUR

INLEIDING

Logisitiese taalkundiges en verskeie moderne strukturaliste gebruik die terme *hoofsin*, *bysin* en *frase* om verskillende soorte meerwoordgehele aan te dui. Dikwels word ook die term *woordgroep* gebruik as versamelterm vir alle gehele wat meer as een woord insluit in die fatiese laag van die sin. Dit kan in die woorde van Potter¹⁾ soos volg saamgevat word: „Phrases are word groups without predications, clauses are word groups containing their own predications”. Ries²⁾ het gesê: „Wortgruppe ist also jedes Gebilde das weder Einzelwort noch Satz ist”. Reichling³⁾ tipeer die groep só: „Als een zin uit meer dan een woord bestaan, vormen de woorden een of meer groepen”. De Groot⁴⁾ definieer die woordgroep as 'n sintaktiese eenheid wat uit meer as een element bestaan. In sy latere werk⁵⁾ vervang hy die term woordgroep deur *constructie* omdat eersgenoemde term te dubbelsinnig sou wees. Verder sê hy „de woordinhoud van de zin is altijd een woord of een constructie”.

Uit hierdie enkele definisies en terme merk ons 'n verskil in opvatting oor twee fundamentele aspekte van die meerwoordgehele, naamlik die *dissiplinêre vlak* waarop die woordgroep bestudeer word en die onderskeid tussen *sin*: *woordgroep*. Volgens die logies-kategorieëse uitgangspunt hoort die studie van die woordgroep in die sintaksis tuis, terwyl die onderskeid tussen sin en woordgroep gemaak word in terme van die *subjek-predikaat-struktuur*. Volgens die strukturele uitgangspunt, soos dit hoofsaaklik deur Nederlandse taalgeleerdes vertolk word, word die woordgroep ook in die sintaksis bestudeer, terwyl die onderskeid tussen woordgroep en sin op die fonologiese vlak gemaak word: geen sinsintonasie: wel sinsintonasie. Dit word egter gedoen deur slegs die sin fonologies te definieer maar nie die woordgroep nie.

Teenoor hierdie opvattinge staan dié van E.B. van Wyk. In sy publikasies oor hierdie aangeleentheid beskou hy die woordgroep as 'n aparte taalsimbool-eenheid naas die sin en die woord. Na aanleiding hiervan onderskei hy die woord-groep-leer as 'n afsonderlike dissiplinêre vlak naas die woordleer en sinsleer. Tussen *woord*, *woordgroep* en *sin* bestaan daar twee soorte verskille, naamlik *kwantitatiewe* en *dimensionele* of kwalitatiewe verskille. Eersgenoemde het betrekking op die aantal lede van 'n taalsimbool, terwyl laasgenoemde betrekking het op die eie fonologiese en semantiese aard van die taalsimbole. Die verskille kan soos volg saamgevat word:

	<i>Kwantitatief</i>	<i>Dimensioneel</i>
woord : woordgroep	x	x
woord : sin	—	x
woordgroep : sin	—	x

'n Groep sluit dus ten minste twee woorde in, en net soos die ander taalsimbole is dit 'n eenheid in sowel *vormlike* (dit is aanskoulike) as *semantiese* (dit is onaanskoulike) opsig. Die eenheidsaspekte is egter andersoortig as die fonologiese en semantiese kenmerke van ander taalsimbole.

DIE FEIT VAN GROEPVORMING⁷⁾

1. Volgens Reichling en Uhlenbeck berus *groepvorming* op twee *woord-semantiese prinsipes*, naamlik die prinsipe van *beweeglike* en *kombinatoriese simbolisasie* respektiewelik⁸⁾. Hierdie prinsipes vloei voort uit en word beheers deur die woordbetekenis. Die *bestaansvoorwaarde* van 'n woordgroep is geleë in 'n semantiese kombineerbaarheid van woorde⁹⁾. Verder word die groep gekenmerk deur 'n bepaalde *struktuur*, wat bestaan in die bepaalde wyse van opeenvolging van die lede, en deur 'n bepaalde *klankvorm*. As 'n meerdimensionele taalsimboleenheid vertoon die groep dus die volgende kenmerke: semantiese kombineerbaarheid, 'n struktuur en 'n klankvorm¹⁰⁾.

DIE WOORDGROEP AS SEMANTIESE EENHEID

2. Omdat woorde alleen op grond van hulle betekenis met mekaar kombineerbaar is, moet daar noodwendig 'n *semantiese verband* tussen hulle bestaan. Hierdie semantiese betrokkenheid word die *semanties-kombinatoriese aspek* van die groep genoem, want dit is 'n verband wat kombinatories is en dit is ook 'n aspek van die groepsbetekenis¹¹⁾. Die *groepsbetekenis* of groepsinhoud word mede gekonstitueer deur die totaal van die *betekennisse* van die individuele woorde en die aard van die betrokke *semanties-kombinatoriese aspek* wat daarin voorkom. Die *interpretasie* van die groepsinhoud is weer afhanklik van die situasie waarin dit gebruik word.

As semantiese aspek van die groepsbetekenis, kom die semanties-kombinatoriese aspekte ooreen met die morfeme, omdat laasgenoemde ook *aspekte* van die woordbetekenis is. Verder is die semanties-kombinatoriese aspek die *determinant* van die woordgroepvorm, net soos die woordbetekenis die determinant van die woordvorm is.

3. Die bestaan van die semanties-kombinatoriese aspekte, hoe dit ook al geïnterpreteer is, is reeds lank bekend. Desnieteenstaande is daar nie ingesien dat alle groepskenmerke en die neweverskynsels daarvan baie nou daaraan verbonde is en hulle bestaan en funksionering van daar uit verklaar kan word. In die tradisionele grammatika is groepe ingedeel in *koördinerende*, *subordinerende* en *apposisionele konstruksies* waarmee 'n semantiese verhouding aangedui word. Bloomfield en sy volgelinge het groepe ingedeel in „*endocen-*

tric, exocentric en „*co-ordinative constructions*”, waarby hulle die *sintaktiese* valensies van groepslede as indelingskriterium gebruik het¹²⁾. De Groot deel groepe in *newsykkende* en *ondersykkende* tipes in, waaruit blyk dat hy ook semantiese verhoudinge as indelingskriterium gebruik het. Later slaan hy 'n ander weg in en beskryf hy die betekenis van 'n konstruksie vanuit die *houding van die spreker*, waaruit duidelik blyk dat hy 'n subjektiewe en psigologiese siening van die woordgroep se semantiese karakter het¹³⁾. Hy deel die konstruksies in *attitudinele* en *niet-attitudinele* tipes in. Dis duidelik dat hy dan geen groepskenmerk in aanmerking neem nie. Sowel Reichling as Uhlenbeck het, sover my bekend, geen semantiese indelinge van woordgroepe gemaak nie, nie tenstaande dit juis hulle is wat die semantiese verband as 'n fundamentele kenmerk van die groep beskou. In ongepubliseerde lesings het Reichling die groep volgens *valensionele* kriteria ingedeel in dié met 'n *eensydige* en dié met 'n *tweesydige sintaktiese verband*, waarby hy die weglatingsproef van die groepslede toegepas het. In dié met 'n eensydige verband is geen lid weglaatbaar nie¹⁴⁾. Hy maak 'n onderskeid tussen *sintaktiese verband*, wat 'n struktuurverband is, en *semantiese verband*. Eersgenoemde is die waarneembare vorm van laasgenoemde. Uhlenbeck daarentoe roep die hulp van die *planimetriese meetkunde* in om die semantiese relasies aan te dui en in skemas te plaas, waaruit duidelik blyk dat hy die semantiese verbande as uiters gekompliseerd beskou¹⁵⁾. Hy het tot hierdie opvatting gekom omdat hy, soos baie ander, nie die funksies van die volgordeëls, die aard van die *struktuur- of spreidingsmomente*, die *aantal lede* van die groep en die *woordgroepklankvorm*, dit wil sê die woordgroepkenmerke, by sy beskrywing in berekening gebring het nie. Hierdeur was hy ook nie in staat om die groepsraamwerk en alles wat daarby ingesluit moet word, vas te stel nie. Dit is dan ook die grootste enkele punt van kritiek wat teen die meeste ondersoekers van die woordgroep ingebring kan word.

4. Die bevredigendste, en na ons oordeel die mees korrekte, indeling van die semantiese relasies is gemaak deur Van Wyk, omdat hy dit as inherente deel van al die groepskenmerke beskou¹⁶⁾. Hy gaan van die standpunt uit dat die semanties-kombinatoriese aspekte aan 'n klankvorm kenbaar gemaak word, net soos die woord- en sinsbetekenis aan 'n klankvorm kenbaar is. Op grond hiervan onderskei hy vier tipes semanties-kombinatoriese aspekte, naamlik *ondersykking*, *wedersydssykking*, *newsykkking* en *presisering*. Op die identifikasietegnieke word nie ingegaan nie.

DIE KLANKVORM VAN DIE GROEP

5. Die woordgroep-fonologie is tot op hede nog baie swak ondersoek. Hier is dit in elk geval nie die doel om in besonderhede daarop in te gaan nie.

Slegs enkele trekke van die terrein kan aangestip word. In die *paradigmatiese fonologie* word die woordgroe foneme geïdentifiseer met behulp van die bekende identifiseringstegnieke of -toetse. Die woordgroep-teenstelligspare moet in alle opsigte identies wees, behalwe dat daar 'n verskil in totale groepsinhoud moet wees, wat teweeggebring word deur 'n verskil in die aard van die semantiese relasie tussen die lede, herkenbaar aan bepaalde klankvormverskille. Hierdie klankvormverskille konstitueer die woordgroe foneme. In die *sintagmatiese fonologie* word daar beskryf hoe die geïdentifiseerde foneme in kombinasie in verskillende groepe optree.

Terwyl daar na die betekenis van die woordgroep as die semanties-kombinatoriese aspekte verwys word, word na die korrelerende klankvorme daarvan as die *waarneembare fonologies-kombinatoriese aspekte* verwys. Hierdie kombinatoriese aspekte vorm 'n onskeibare *twee-eenheid*. Eersgenoemde tree ten opsigte van laasgenoemde onderskeidend en kenmerkend op. Wat hier belangrik is, is om in gedagte te hou dat hulle die vorm van die semanties-kombinatoriese aspekte is wat self via die dele van die groep deur die strukturebepalende faktore, dit wil sê die *volgorderreëls*, gestruktureer word. As sintaktiese middel het hulle dus 'n *ander funksie* as die volgorderreëls. Hulle is onderskeidende en kenmerkende middele, funksies wat die volgorderreëls nie het nie.

6. 'n Belangrike aspek van die woordgroe foneme sentreer om die *ad-hoc-opheffing* daarvan. Dit word teweeggebring deur 'n verskeidenheid van *supplerende* en *plaasvervangende* faktore binne (linguistiese) en buite (ekstra-linguistiese) die taal¹⁷). Hulle neem die *onderskeidings-* en *kenmerkingsfunksie* van die woordgroe foneme oor. Die eerste belangrike linguistiese faktor wat die opheffing begunstig, is geleë in die feit dat daar so min semanties-kombinatoriese aspekte en *woordgroep-opposisies* voorkom. Die tweede linguistiese faktor bestaan in die *woordbetekenis* (waarbinne dié van die *woordklasse* en morfeme ingesluit word). Hulle kan die semanties-kombinatoriese aspekte so genoegsaam laat blyk dat die distinktiewe las van die woordgroe foneme nog verder verlig kan word. Verder word die woordgroe foneme van die binnegroep in saamgestelde woordgroepe deur fonologiese aanpassing opgehef: die menslike stem is nie in staat om al die toonkurwes, toonvlakke, lengtes, klemme en onmiddellike en verpoosde opeenvolginge van groeplede te realiseer nie. Hulle moet dan noodwendig in die slag bly en hulle laag vir laag aanpas. Dan kom daar nog faktore voor wat buite die groep val. Dit is die *linguistiese en ekstra-linguistiese situasie*. Eersgenoemde sluit informasie in wat deur 'n voorafgaande teks of gesprek verskaf word. As ons byvoorbeeld daaruit sou kan aflei dat die groep „my broer” in „Piet my broer en ek” na Piet alleen verwys, sou dit nie nodig wees om die woordgroe foneme wat kenmerkend vir neweskikking of presisering is in elke geval te realiseer nie. In die *taalgebruiksituasie* bestaan daar altyd gegewens wat die

betekenis van die individuele woorde (en daarom die semanties-gekombinatoriese aspekte) sodanig inperk dat eenduidigheid verseker word. Gevolglik word die woordgroepe ook opgehef, omdat hulle funksie dan oorgeneem word. Wat belangrik is, is dat die *onderskeidingsprinsipe* gehandhaaf moet bly – daarvoor sorg die genoemde plaasvervangende faktore. Die onderskeid tussen die onderskeidende sintaktiese middele en die genoemde linguistiese faktore moet nader gepresiseer word, omdat laasgenoemde deur taalkundiges dikwels ook as sintaktiese middele beskou word. In die eerste plek is die linguistiese faktore nie woordgroepekenmerke nie, omdat hulle tot die fatiese laag behoort. Slegs dié „elemente” wat ’n bestaande opposisie kan kontrasteer, kan *onderskeidingsmiddele* genoem word; maar dié wat in taalgebruik een van die opposisies uitkakel, kan plaasvervangende faktore genoem word. Laasgenoemde kan nie ’n bestaande opposisie onderskei nie, maar dit kan een daarvan slegs uitkakel en só eenduidigheid verseker. Omdat semantiese kombineerbaarheid van individuele woorde ’n *voorwaarde* vir enige groeppvorming is, en die linguistiese faktore wat ook verband hou met betekenis juis die semantiese kombineerbaarheid van woorde „versterk” deur hulle betekenisbeperkende invloed, kan hulle *kombinasievoorwaardes* genoem word.

7. In verband met die opheffing van die woordgroepefoneme is ’n opmerking van De Groot (1962, p. 53-54) hier van pas. Hy sê: „Terloops moegeworden opgemerk dat de spreker lang niet altijd alle hem ten dienste staande middelen gebruikt, d.i. niet altijd alle kenmerken van de zin realiseert; niet altijd maakt hij bijvoorbeeld vóór een zin of achter een zin een duidelijke pauze — dit is meestal niet nodig. Ook zonder volledige realisering begrijpt de hoorder meestal wel wat als één gehele zin bedoeld is, en bovendien zijn twijfelgevallen vaak van geen belang; en de mens spreekt nu eenmaal tot op zekere hoogte zo onnauwkeurig mogelijk. Het gaat dus niet om de middelen die een spreker altijd gebruikt, maar om die welke hem ter beschikking staan”.

Die fonologies-kombinatoriese aspek van die groep wat op die paradigmadiese as ’n onderskeidingsfunksie het, is dus nie ’n struktuurmiddel nie, maar ’n onderskeidings- en kenmerkingsmiddel. Hulle self moet weer deur plasing- en volgordeëls gestruktureer word.

DIE STRUKTUURKENMERKE VAN DIE GROEP

8. Die heel eenvoudigste bewys dat taal, ook op die vlak van meerwoordige uitinge, gestruktureer is, spreek duidelik uit die feit dat nie alle opeenvolginge van (sels kombineerbare) woorde sinvolle mededeling is nie. Die lede van ’n uiting moet mekaar op ’n bepaalde wyse *opvolg* terwyl elk ’n bepaalde *plek* in die groter geheel beset. As die woorde in ’n groep (voorbeeld in Tswana) soos *monna o-tla-fitlha ka mosô*, „die man sal môre kom”, willekeurig gerang-

skik word soos in *monna moso o-tla-fitlha ka*, sou ons slegs die woorde verstaan, maar niks verder daaromtrent begryp nie, omdat daar van geen semantiese verband en dus van geen groepsinhoud sprake is nie. Die semantiese kenmerke van die groep, naamlik die semanties-kombinatoriese aspekte en groepsinhoud, is derhalwe baie nou verbonde aan struktuur, en andersom. Dié verbondenheid lê daarin dat die semantiese nie aan 'n *willekeurige vorm* waarneembaar gemaak kan word nie, maar dat dit 'n bepaalde vorm of struktuur determineer. Die semantiese verband is dus nie slegs *voorwaarde* by enige groeppvorming nie, maar dit is ook die *determinant* van die *woordgroepstruktuur*. In dié opsig korreleer die woordgroep met die woord waar die woordbetekenis ook die determinant van die woordgroeppvorm is. Hieruit volg dat die *volgordereëls* wat die *struktuurbepalende faktor* is slegs kan funksioneer *onder die primaat van semantiese kombineerbaarheid van die lede*.

9. By *spreiding* word al die konstituerende struktuurmomente, naamlik die lede van groepe (dit is spreidingsmomente) en die *woordgroeppfoneme*, ingesluit. Die besondere wyse van spreiding van die genoemde momente bepaal die besondere *woordgroeppvorm*, wat dan die vorm van die semanties-kombinatoriese aspek is. In die ondersoek na die struktuur van die woordgroep moet dus ag gegee word op die onderdele en hulle aard sowel as op die spreidingsreëls wat daardie onderdele tot 'n geheel struktureer. Dit kom dus neer op 'n *identifikasie* van die lede van groepe en woordgroeppfoneme en die vaststelling van die aard van die spreidingsreëls daarvan. In die volgende paragrafe word ag gegee op die spreidingsreëls en die lede van groepe.

Vooraf is dit voldoende om *struktuur*¹⁸⁾ te definieer as 'n bepaalde wyse van spreiding en plasing van onderdele met verskeidenheid tot 'n samehangende geheel. Dit kan omgekeerd soos volg gestel word: sodra 'n veelheid van onderdele met verskeidenheid as 'n bepaalde geheel gegee is, waarbinne elk van die onderdele sy besondere plek het, dan is dié geheel 'n gestruktureerde eenheid.

10. Dit is 'n opvallende feit dat woorde in 'n interpreteerbare uiting mekaar noodsaaklik *in tyd* moet volg, dit wil sê aan 'n temporele lineêre opeenvolging gebonde is¹⁹⁾. In 'n groep bestaan daar twee soorte opeenvolginge wat onderskei moet word. Met die een soort word 'n opeenvolging van woorde en groepe bedoel, ongeag of hulle verband met mekaar vertoon. So 'n opeenvolging buite semantiese verband word gewoonlik *verband in tyd* genoem, of ook *sintagmatiese verband*. Wat hieruit voortvloei, word nie hier bespreek nie. Vervolgens kom daar egter ook 'n ander soort opeenvolging word daar aan die onderdele verskillende *waardes* en *funksies* toegeken, in teenstelling met opeenvolging *in tyd*, waar gelyke waardes aan die dele toegeken word. Opeenvolging in 'n *groep* word ook *verband buite tyd* of soms *sintaktiese verband*, genoem. Sintaktiese verband, as 'n struktuurverband, is die *waarneembare vorm* van die semantiese verband. Sintaktiese verband word ge-

realiseer deur 'n aantal spreidingsreëls, wat betrokke is op 'n aantal spreidingsmomente wat onderling kombineerbaar is. In 'n groep soos *monna o-tla-fitlha ka mosô*, „die man sal môre kom”, bestaan daar geen verband tussen *o-tla-fitlha* en *ka* nie en daarom is 'n bepaalde volgorde tussen hulle irrelevant. Maar tussen *ka mosô* en *o-tla-fitlha* bestaan daar 'n verband en daarom is 'n bepaalde volgorde en plasing relevant. Die spreidingsreëls funksioneer dus alleen ten opsigte van dié momente waartussen 'n semantiese verband bestaan, en nie ten opsigte van ander momente in dieselfde uiting nie²⁰). Dit spreek daarom vanself dat alle verdere ondersoek na die woordgroepstruktuur gedoen sal moet word met inagneming van die genoemde semanties- kombinatoriese aspekte sowel as die aard van die verskillende struktuurmomente, want die aard van laasgenoemde bepaal die *aard* van die verband en ook hulle *plek* in die struktuur.

11. Dis sonder meer duidelik dat die volgordereëls ook noodsaaklikerwys uit die *lineariteit* van die aangebode taalmateriaal moet voortvloei, want hulle is ook aan tyd gebonde. Weens hierdie gebondenheid aan tyd en aan die sintagmatiese as, kan ons nie 'n groot verskeidenheid van spreidingsreëls verwag nie. Gelukkig bestaan die struktuurmomente nie uit elke afsonderlike woord of groep nie, want dan sou die volgordereëls te kort skiet.

12. Word daar gelet op hoe die volgordereëls gerealiseer word, blyk dit dat *byeenplasing* die algemene spreidingsreël is. Byeenplasing sê egter niks besonders nie, omdat die struktuurmomente op 'n *bepaalde wyse* byeen geplaas moet word. Hierdie bepaalde wyse van byeenplasing word gerealiseer in 'n *voorplasing* en 'n eventuele *naplasing* in tyd. In 'n groep soos *monna o-tla-fitlha ka mosô*, „die man sal môre kom”, is al die woorde byeengeplaas, maar *ka* moet voor *mosô* en laasgenoemde weer ná *ka* geplaas word. *Ka mosô* moet weer ná *o-tla-fitlha* geplaas word, terwyl *monna* voor *o-tla-fitlha* te staan kom. Dit is natuurlik gerieflik om voor- of naplasing in terme van 'n vaste punt te beskryf. Die sintakties dominerende lid word as die konstante aanvaar, terwyl die plasing van die ander lid in terme daarvan te beskryf is. In *baô batho ba motse*, „daardie mense van die stat”, is *batho* die hooflid, terwyl *baô* as kwalifikatiewe bepaling voorgeplaas en *ba motse* as kwalifikatiewe bepaling nageplaas word.

13. Voor- en naplasing kan òf *vas* òf *vry* wees. As die volgorde *vas* is, praat ons van 'n groep met 'n *volstrek gedwonge volgorde* van die lede. In *monna o-tla-fitlha*, „die man sal kom”, word *monna* gekenmerk deur 'n volstreekte voorplasing in terme van die „konstante” lid *o-tla-fitlha*. In *o-tla-fitlha neng*, „wanneer sal hy kom?”, word *neng* gekenmerk deur 'n volstreekte naplasing ten opsigte van *o-tla-fitlha*. In groepe met volstrek gedwonge volgorde kan die lede onder bepaalde omstandighede geskei word deur 'n ander outonome

lid, soos *vandag in om vandag te kom*. *Skeibaarheid* is die gevolg van inplasing van 'n outonome lid en omdat lede só gegroep word, is dit 'n spreidingsreël. *Inplasing* moet van *uiteenplasing* onderskei word. *Uiteenplasing* word teweeggebring deur *uitbreibaarheid*. In 'n groep soos *monna o-tla-fitlha ka mosô* kan *monna* en *o-tla-fitlha ka mosô* uiteengeplaas word deur byvoorbeeld *yô ke-mmônang*, „wat ek sien”, wat met *monna* kombineer terwyl die groep *monna yô ke-mmônang* as geheel met *o-tla-fitlha* kombineer. *Uiteenplasing* is dus geen volgordetegniese nie, omdat die een lid slegs uitgebrei word, gesien in die groter geheel. In die ingeslote groep *monna yô ke-mmônang* is 'n bepaalde ordening van die lede noodsaaklik, maar in die groter geheel is die ordening daarvan nie ter sake nie omdat dit weer ander lede geld.

14. Vervolgens kom groepe voor waarin die lede deur 'n *vrye volgorde* gekenmerk word, dit wil sê waarvan die lede onderling omstelbaar is. In *monna o-tla-fitlha ka mosô*, „die man sal môre kom”, kan die lede *monna o-tla-fitlha* plus *ka mosô* omgestel word tot *ka mosô* plus *monna o-tla-fitlha*, „môre sal die man kom”. In dié verband kom dit nie daarop aan of die een lid 'n konstante posisie ten opsigte van die ander lid beklee of dat albei plekke ruil nie. Al wat van belang is, is dat die een lid die ander lid voorafgaan. In die praktyk is dit egter gerieflik om die sintaktiese dominerende lid as die konstante te aanvaar en dan die plasing van die ander lid in terme daarvan te beskryf. In ons voorbeeld is *ka mosô* dan die omstelbare lid. Omstelbaarheid as spreidingstegniese is altyd voorwaardelik, omdat daar verskeie faktore bestaan wat dit aan bande lê. In die Bantoetale kan sommige vrye deskriptiewe bepalinge slegs voorgeplaas word as die gesegde in 'n bepaalde modus verskyn. In die genoemde voorbeeld, waar die gesegde in die indikatiewe modus verskyn, is die bepaling vry; maar wanneer dit in die situatiewe modus verskyn, kan die bepaling slegs nageplaas word soos in *keutlwa monna plus o-tla-fitlha ka mosô*, „ek hoor die man sal môre kom”.

15. Die spreidingstegniese – naamlik volstreekte voor- of naplasing met onmiddellike opeenvolging, inplasing en omstelbaarheid – het betrekking op albei lede van die groep in die totstandkoming van die struktuur. Wanneer twee of meer lede, in 'n groep sonder semantiese kombineerbaarheid, met dieselfde lid semanties kombineerbaar is soos 'n reeks kwalifikatiewe bepalinge met dieselfde antesedent, kan hulle nie in terme van die genoemde tegniese beskryf word nie, omdat hulle nie semanties op mekaar betrokke is nie. Hulle vorm met ander woorde geen outonome groep nie, en spreidingsreëls is slegs op die lede van 'n groep van toepassing. Tog is hulle posisie ten opsigte van mekaar nie willekeurig nie. Via die kernlid is hulle direk verbonde. Hulle onderlinge opeenvolging, wat as 'n *rangordening* beskryf kan word, word ook beheers deur verskeie semantiese faktore. In die Bantoetale is die isolerings- en uitbreibaarheidsfaktore die belangrikste²¹). In 'n groepie soos *basemane ba*

motse ba ba-disang, „die seuns van die stat wat oppas”, moet die bepaling *ba motse* ’n hoër rangordeposisie beklee, want by naplasing kan dit ’n voorwerpsvalensie hê, byvoorbeeld *basemane ba ba-disang ba motse*, „die seuns wat die stat s’n oppas”. In *ntša é e bogale ya me*, „my dapper hond”, is die rangorde van die bepalinge relatief, dus *ntša ya me é e bogale*.

16. Laastens vind ons ook ’n vrye of willekeurige rangskikking. So ’n willekeurige opeenvolging kom voor as daar geen semantiese verband tussen die lede voorkom nie en hulle derhalwe semanties gelykberegig is. Dit kom voor in sommige tipes neweskikkende groepe. In ’n groep soos *mans, vrouens, kinders, vee en soldate is deur die vyand oorval*, is die opeenvolging van die lede van die eerste lid willekeurig op grond van semantiese gelykberegigdheid. Hier is dus slegs sprake van opeenvolging in tyd. Maar so ’n opeenvolging bestaan nie in taalgebruik nie, juis omrede daar geen groep gevorm kan word nie. Eers wanneer hulle as geheel ’n semantiese betrekking met ’n ander lid aangaan, het hulle as groep bestaansreg.

17. Die groepslede vertoon egter nie alleen ’n bepaalde volgorde ten opsigte van mekaar nie, maar hulle beklee ook ’n besondere plek in die struktuur²²⁾. Plek of plasing geld die posisie van die een lid ten opsigte van die ander lid.

Die verskillende spreidings- en plasingstegnieke kan soos volg saamgevat word:

- (a) volstrek gedwonge opeenvolging van die lede met gedwonge voorplasing of naplasing van die een lid ten opsigte van die ander lid;
- (b) vrye opeenvolging (omstelling) met ’n vrye voor- of naplasing van die een lid ten opsigte van die ander lid;
- (c) skeibare opeenvolging met inplasing van die een lid tussen die lede van die skeibare groep;
- (d) rangordening.

Volgorde as strukturebepalende faktor is ’n *sintagmatiese verskynsel*, het geen *onderskeidingsfunksies* nie, maar funksioneer alleen onder die primaat van die semantiese en domineer nie daaroor nie.

DIE STRUKTUURMOMENTE (SPREIDINGSMOMENTE) VAN DIE GROEP

18. Wat die struktuur- of spreidingsmomente betref, is dit nodig om vas te stel wat daaronder verstaan moet word en hoeveel momente in die struktuur ingesluit moet word. Die taak is dus eerstens om die spreidingsmomente te *identifiseer* en tweedens om vas te stel hoe hulle onderling binne die groep gekombineer word. Dit is die taak van die woordgroep-morfologie.

19. In ’n groep kan ’n onbepaalde aantal woorde ingesluit word. As daar in gedagte gehou word dat die lede van ’n groep slegs dié is waartussen ’n seman-

tiese verband bestaan, dan stem die *aantal* lede van 'n groep beslis nie ooreen met die *aantal woorde* wat daarin voorkom nie. In die groep *monna o-tla-fitlha ka mosô*, „die man sal môre kom”, is *monna* en *mosô* nie lede wat semanties kombineerbaar is nie, hoewel hulle in 'n groep kan voorkom. Hulle is dus lede van verskillende groepe. Uit die aard van die semanties-kombinatoriese aspekte en uit die spreidingsreëls kan die aantal lede van die groep vasgestel word. So impliseer die onderskikkende, wedersydsskikkende en presiserende aspekte 'n relasie tussen slegs *twee lede*. In die voorbeeld hierbo kombineer *mosô* alleen met *ka*, terwyl *ka mosô* as geheel met *o-tla-fitlha* kombineer. In die geval van neweskikking waar die lede semanties gelykgerig is, is die groep *onbepaald meerledig*.

20. Die aantal lede kan ook vasgestel word uit hulle onderlinge spreidingsmoontlikhede. Uit die volgordemoontlikhede van 'n eenvoudige groep, soos *die man kom vandag/vandag kom die man/kom die man vandag?*, kan vasgestel word dat, gegewe semantiese kombineerbaarheid, *die* plus *man* 'n hegte groep vorm deur onseibaarheid en gedwonge volgorde. So is ook *die man kom/kom die man* 'n groep waarin *die man* plus *vandag* die onderskeie lede. Hoe woordgroepe met behulp van volgordereëls gesegmenteer kan word, is tot op hede nog nie ondersoek nie. Daarby moet egter gemeld word dat dit nie altyd maklik is om die spreidingsreëls in dié verband te interpreteer nie.

21. By die vasstelling van die struktuurmomente is dit heel logies dat ons sal dink aan die individuele woorde wat in die groep voorkom. Maar op grond van die kombinatoriese (dit is valensionele) en vervangingsmoontlikhede van woordklasse en woordgroeppklasse respektiewelik moet besluit word dat die aard van die struktuurmomente in 'n ander dimensie as die woordlaag, woordklaslaag of woordgroeppklaslaag lê, naamlik die dimensie van die *gebruiksvlak*. 'n Struktuur of spreidingsmoment sluit dan woordklasse en woordgroeppklasse in wat dieselfde kombinatoriese en substitusionele moontlikhede vertoon, dit wil sê tot dieselfde *valensieklas behoort*²³). 'n Valensionele kategorie is dan die uiteindelijke *sintagmatiese komponent* van 'n groep ten opsigte waarvan die spreidingsreëls opereer. Daar kom verskeie soorte valensieklasse en subkategorieë van valensieklasse voor wat nie hier bespreek word nie. Tot op hede word tradisionele terme gebruik om hulle te benoem, soos *onderwerp*, *voorwerp*, *gesegde*, *kwalifikatiewe bepaling*, *deskriptiewe bepaling*, *inleidende lid*, *komplementêre lid*, ens. Omdat die lede van 'n *valensionele kategorie* alleen op semantiese gronde met 'n ander een kombineerbaar is tot 'n groep waarvan die struktuur deur die volgordereëls tot stand kom, dui dit 'n *eensydige semantiese relasie* aan. Valensionele kategorieë is, so gesien, niks anders as *semantiese segmente* in die *semanties-kombinatoriese verbande* nie. Hulle bestaan nooit onafhanklik van 'n groep nie. In dié verband kan hulle met morfeme vergelyk word, wat semantiese (of kategoriale) woord-

aspekte is wat alleen by die grasië van die woordvorm en woordbetekenis bestaan. Wanneer die eensydige semantiese relasies in terme van hulle *kombinatoriese gerigtheid* ondersoek word, vind ons semanties-kombinatoriese relasie van *onderskikking*, *wedersydsskikking*, *neweskikking* en *presisering*, dit wil sê vier soorte semanties-kombinatoriese aspekte wat ook op grond van hulle *fonologiese kenmerke* onderskei kan word.

22. Omdat die spreidingsreëls noodwendig gerig is op die ordening van die genoemde struktuurmomente, kan laasgenoemde ook met behulp daarvan vasgestel word. Hierop gaan ons nie uitvoerig in nie. By die toepassing van die volgordeëls blyk dat woorde en groepe kategorieë vorm met *onderlinge spreidingsooreenkomste* en *verskille respektiewelik*. Sulke kategorieë is identies met dié wat gevind word op grond van substitusionele en kombinatoriese ooreenkomste en verskille. Dit kom daarop neer dat die spreidingsmomente woorde en groepe is vir sover hulle tot bepaalde valensieklasse behoort, dit wil sê semantiese aspekte van die groep is. Spreiding en plasing, seleksie en substitusie is dus korrelatief werksaam.

23. Uit die beskrywing tot dusver blyk dat die groep verskeie onskeibare maar onderskeibare *lae* of dimensies insluit. Die een is 'n spieëlbeeld van die ander. Eerstens word 'n *fatiese laag* onderskei, wat uit woordklasse en woordgroepe bestaan en wat as struktuurmomente op 'n bepaalde wyse gestruktureer is. Tweedens word 'n *kombinatoriese laag* onderskei, wat bestaan uit korrelatiewe *semanties-kombinatoriese* en *fonologies-kombinatoriese* aspekte, waarvan die fatiese laag as't ware die ankerpunte is. Hierdie aspekte bestaan nie onafhanklik van 'n groep nie, maar bestaan alleen in 'n gestruktureerde fatiese laag, waarvan elke lid 'n aspek van die kombinatoriese laag is. Laasgenoemde aspekte is semantiese segmente, i.e. valensieklasse, wat alleen in die groepsvorm en groepsbetekenis bestaan.

DIE GROEPSKENMERKE

24. Elke groep en alle groepe word, soos uit die bespreking hierbo geblyk het, gekenmerk deur:

- (a) 'n *semanties-kombinatoriese* aspek, wat alleen bestaan in 'n verhouding tussen *woordgroepevormaspekte*, i.e. valensieklasse;
- (b) 'n *fonologies-kombinatoriese* aspek met onderskeidings- en kenmerkingsfunksie ten opsigte van (a) wat daarmee saam 'n eenheid vorm;
- (c) 'n *kombinasie van valensieklasse*, waarby (a) en (b) veronderstel word, wat die spreidingsmomente is en waarvan elk 'n semantiese aspek van die groep is; en
- (c) 'n *bepaalde struktuur* van (c) wat deur die spreidings- en plasingreëls

tot stand gebring word. Dit impliseer dat (a) en (b) ook gestruktureerd is.

Omdat die verskillende kombinatoriese aspekte reeds in 'n kombinasie van valensieklasse veronderstel en ingesluit word, vorm hulle geen „ekstra” kenmerke van 'n groep nie. En omdat valensieklasse op die sintagmatiese vlak alleen in 'n struktuur voorkom, vorm hulle die *struktuurkenmerke*. Struktuur- of morfologiese kenmerke sluit dus (a), (b), (c) en (d) in. Dit veronderstel ook die aantal lede waaruit die groep opgebou is. Hierdie kenmerke konstitueer die *interne of binneboukenmerke* van die groep. Net soos die woord is die woordgroep dus ook 'n eenheid van vorm en betekenis.

25. Naas die morfologiese kenmerke vertoon die groep ook valensionele kenmerke, naamlik bruikbaarheid as lid van 'n bepaalde groter geheel. Dit kan die *eksterne of buitebou-kenmerke* van die groep genoem word. Die groep *yô mongolo*, „groot” (dit is „wat groot is”), kan op grond van sy eksterne valensionele moontlikhede onder andere gebruik word as onderwerp, soos in *yô mongolo 0-llilê*, „die grote het gekom”. In só 'n nuwe kombinatoriese verhouding is die verhouding van *yô* plus *mogolo* irrelevant, want die groep *trec* in die groter geheel as geheel op. Die aantal lede van 'n groep bly dus in groter groepvorming konstant, afgesien van die aantal groepe wat in een van die lede ingesluit word. Daarom is dit nie korrek om van saamgestelde groepe te praat nie, tensy daarmee slegs 'n kwantitatiewe verskil bedoel word.

'n Groep vertoon dus *twee basiese kenmerke*, naamlik *morfologiese en valensionele* kenmerke. By eersgenoemde kenmerke word die groep as *geheel* gesien, by die tweede slegs as *lid* van 'n groter geheel. In 'n ondersoek na die „sintaktiese middele” kan valensionele kenmerke dus nie in aanmerking geneem word nie, juis omdat, soos reeds geïmpliceer is, dit slegs op 'n *lid van 'n groep* betrekking het en nie op albei lede nie. Ons opvatting van sintaktiese middel leun aan by dié van Reichling, maar verskil van sync deur slegs fonologiese en struktuurbepalende middele te erken. Volgens hom is kongruensie ook 'n sintaktiese middel. Hiermee stem ons nie saam nie.

DIE ROL VAN KONGRUENSIE IN DIE GROEP²⁴⁾

26. Daar word dikwels beweer dat kongruensie (en ook reksie en fleksie) 'n sintaktiese middel is, dit wil sê 'n middel waarmee die semantiese kombineerbaarheid vormlik tot uitdrukking gebring word. Sonder om in te gaan op die verskillende morfeem-opvattinge en verskillende aspekte daarvan, soos dit onder andere spreek uit die terme *free morpheme*, *bound morpheme* en *zero morpheme*, ens., wil ons aansluit by die morfeem-opvatting van Reichling, maar terselfdertyd met hom en andere verskil wat betref die rol wat kongruensie in die sintaksis speel.

Saam met Reichling beweer ons dat morfeme geen eie vorm en betekenis het nie, omdat hulle as *inherente* deel in die *woordvorm en woordbetekenis* ingesluit is. Hulle is slegs aspekte of fasette in die woordvorm en woordbetekenis en het daarom geen bestaan buite die woord nie.

Wanneer die woordvorme en woordbetekenis deur die klankvorm en struktuur-reëls waarneembaar in die woordgroepstruktuur op mekaar betrek word, is die *kategoriale waardes en vorme* van die morfeme per definisie reeds in dié woorde ingesluit en kan hulle daarom geen verdere rol speel nie. As aspekte van woorde funksioneer hulle nie *onafhanklik* van die kombinatoriese moontlikhede van woorde nie. Kongruensie is dus nie 'n groepskenmerk nie, maar 'n kenmerk van die individuele woord in die groep. Dit is wel ooreenstemming in kategoriale waardes, maar as aspekte van die woordbetekenis. Om semantiese redes kom die morfeem en daarmee kongruensie nie in aanmerking as 'n sintaktiese middel nie. Kongruensie, net soos semantiese kombineerbaarheid, is hoogstens 'n *voorwaarde* vir groeppvorming. By semantiese kombineerbaarheid van woorde word kategoriale waardes dus ingesluit. Laasgenoemde funksionêre derhalwe nie onafhanklik van die kombinatoriese moontlikhede van woorde nie. Dit is dan eienaardig dat Reichling, beoordeel in die lig van sy morfeem-opvatting sowel as sy insig dat betekenis, hoe dan ook, 'n voorwaarde vir groeppvorming is, juis kongruensie as sintaktiese middel aanvaar het.

FUNKSIE VAN VOLGORDE²⁵⁾

27. Uit wat reeds oor die volgodereëls gesê is, blyk dat hulle in die eerste plek 'n struktuurbepalende funksie het. Uit hierdie funksie spruit die *groepeerings- en isoleringsfunksie* voort: groepslede word só gegroepeer dat hulle slegs met bepaalde ander lede kan kombineer en só van die ander geïsoleer word. Verder kan volgodereëls ook aangewend word vir die bereiking van *stilistiese effekte*.

Wat by die interpretasie van die volgodereëls deeglik in gedagte gehou moet word, is dat dit alleen funksioneer onder die *primaat* van die *semantiese kombineerbaarheid* van groepslede wat die voorwaarde vir groeppvorming is. In die lig hiervan moet die volgodereëls as waarneembare sintagmatiese indikasies nie oorskakel of oorbelaas word nie.

By die behandeling van homonieme groepe word dikwels gewag gemaak van die ontoereikendheid van die volgodereëls, in dié sin dat hulle as waarneembare struktuurbepalende faktore in die opheldering van relasionele verskille en dubbelsinnighede in groepe te kort sou skiet of dan nie waarneembaar sou wees nie²⁶⁾. So laat Kraak en Uhlenbeck se behandeling van homonieme groepe duidelik blyk dat die bestaan daarvan aan die onvermoë van die volgodereëls toegeskryf moet word. In 'n groep soos „they are flying planes” sou die volg-

orde geen uitsluitel gee oor die kombineringsmoontlikhede van „flying” en daarom sou dit ook nie verskille in relasionele struktuur (dit is hiërargiese opbou) kan aandui nie. Dit dui op ’n veronderstelling dat volgorde betekenisbeperkend funksioneer en oor semantiese kombineerbaarheid domineer, maar andersins, soos in die geval van homonimie, te kort skiet. Dit is ’n oorskattig en ’n verkeerde vertolking van die funksie van volgorde. Vir die *interpretasie* van homonieme groepe kan slegs *betekenisbeperkende faktore* ’n rol speel, omdat hulle juis ontstaan weens ’n onvolledige ingeperktheid van die woordbetekenis. Daarom roep Uhlenbeck, heeltemal tereg, die hulp van situasionele gegewens in²⁶). Die transformasionaliste helder homonimie op deur transformasies, wat volgens ons insig slegs ’n ander bewoording is van dié situasionele gegewens wat op die dubbelsinnige groep van toepassing is.

Ook by homonieme groepe is die volgordereëls steeds werkzaam en dwingend en skiet hulle by die strukturering, groepering en isolering van die dele nie te kort nie, as daar meer net in gedagte gehou word dat hulle funksioneer onder die primaat van die semantiese kombineerbaarheid wat die determinant is.

(28) So is die taal deur en deur gestruktureer. En dit vind plaas op die sintagmatiese as wat kombinasie en plasing (ordening, spreiding) veronderstel. *Kombinasie* vind sy grond in die semantiese. *Plasing* (strukturering van die semantiese wat die determinant is) kan in die volgende komponente gesistematiseer word:

1. Struktuurtegnieke as aktiewe plasingprosesse.

(a) Affigering (van morfeme, woorde, groepe).

i. voorplasing (omstelling)

ii. napolasing (omstelling)

iii. willekeurige plasing

iv. inplasing (skeiding)

(b) reduksie (elisie).

2. Struktuurkenmerke

(a) vaste volgorde (gedwonge opeenvolging)

(b) vrye volgorde (omstelbaarheid)

(c) rangordening

(d) skeikbaarheid.

3. Hiërargiese ordening.

LITERATUURVERWYSINGS

1. POTTER, S. 1957. *Modern linguistics*. André Deutsch: 105.
2. RIES, J. 1928. *Zur Wortgruppenlehre*. Prag: 5.
3. REICHLING, A. 1965a. *Verzamelde studies*. Zwolle: 27.
4. DE GROOT, A.W. 1948. *Structurele syntaxis*. Servire, Den Haag: 71, 275-277.
5. DE GROOT, A.W. 1962. *Inleiding tot de algemene taalwetenskap*. J.B. Wolters, Groningen: 61.
6. VAN WYK, E.B. 1962. *Die Bantoetaalwetenskap as beskrywende taalwetenskap*. Inougurele rede, Universiteit van Pretoria, 1964, Van der Merwe, H.J.J.M. (red): *Sinsleer*. Studierigtings in die taalkunde. Van Schaik, Pretoria: 38-71.
7. REICHLING, A. 1965a. 20-22.
8. REICHLING, A. 1965a: 53.
REICHLING, A. e.a. 1962. *Taalonderzoek in onze tijd*. Servire, Den Haag: 21.
- UHLENBECK, E.M. 1963. „An appraisal of transformation theory” in *Lingua* 12 (1).
- UHLENBECK, E.M. 1964. „Betekenis en syntaxis” in *Forum der Letteren*: 67-79.
9. VAN HEERDEN, C. 1965. *Inleiding tot die semantiek*. W. Gous, Johannesburg: 54-60.
10. VAN WYK, E.B. 1962.
DE GROOT, A.W. 1962: 69-77.
11. VAN WYK, E.B. 1964: 52-53.
VAN WYK, E.B. 1962: 9-10.
REICHLING, A. 1965a. 27-28.
REICHLING, A. 1965b. *Radiopraatjies*. SAUK, Johannesburg: 21-22.
- KRÜGER, C.J.H. 1967. „Die struktuur van die woordgroep in Tswana”, *Ongepubliseerde proefskrif*, UP: 6-25.
12. BLOOMFIELD, L. 1934. *Language*. George Allen (Unwin, London: 185-186; 194-195.
BLOCK, B. & TRAGER, G. 1950. *Outline of linguistic analysis*. Baltimore: 76-77.
HOCKET, C.F. 1960. *A course in modern linguistics*. Macmillan, New York: 184 et seqq.; 206 et seqq.
HALL, R.A. jr. 1964. *Introductory linguistics*. Chilton Co., New York: 205-218.

13. DE GROOT, A.W. 1948: 72-73; 82-262.
 DE GROOT, A.W. 1962: 65-67; 77-80.
 KRÜGER, C.J.H. 1967: 1-5.
14. REICHLING, A. 1965c. Openbare lesings. Potchefstroom.
15. UHLENBECK, E.M. 1962. De beginselen van het syntactisch onderzoek.
 REICHLING, A. e.a. 1962. 34-35.
16. VAN WYK, E.B. 1964: 52-53; 60-63; 1962: 8-10.
 KRÜGER, C.J.H. 1967: 5-9; 7, voetnoot 3; 10-14.
17. VAN WYK, E.B. 1964: 65; 1962: 10, voetnoot 12.
 KRÜGER, C.J.H. 1967: 13-14.
 UHLENBECK, E.M. 1963: 12.
 REICHLING, A. 1965: 100-101.
 REICHLING, A. 1965a. 4-6; 1965b: 3-6; 1962: 11-13.
 DE GROOT, A.W. 1962: 53-54.
 UHLENBECK, E.M. 1968. Taalwetenschap, een eerste inleiding. Den Haag: 38-41.
- KRAAK, A. 1966. Negatieve zinnen. W. de Haan, Hilversum: 47-54.
 VAN HEERDEN, C. 1965: 58-59.
18. REICHLING, A. 1965a: 21-22.
19. REICHLING, A. 1965a. 80; 1965b: 17-23.
 BLOOMFIELD, L. 1934: 163-165; 197.
 GLEASON, H.A. 1955. An introduction to descriptive linguistics. Holt, Rinehart & Winston, New York: 154-156.
 ROBINS, R.H. 1965. General linguistics. Longmans, London: 237-238.
 DE GROOT, A.W. 1962.: 70-72; 101-114.
20. KRAAK, A. 1966: 41-43.
 REICHLING, A. 1965b: 19-20.
 UHLENBECK, E.M. 1962: 33-35. (Dit beperking stel hy nie).
21. KRÜGER, C.J.H. 1967: parr. 46, 52, 253 e.v.
 VAN DER LUBBE, H.F.A. sj. Woordvolgorde in het Nederlands. Van Gorcum, Assen.
22. KRÜGER, C.J.H. 1967. parr. 68, 84, 130, 319 e.v.
23. BLOOMFIELD, L. 1935: 190 et seqq.
 ROBINS, R.H. 1965: 223-226.
 GLEASON, H.A. 1955: 138-141.
 HALL, R.A. 1964: 196-197.
 KRAAK, A. 1966: 37-38. (Hy lewer tereg kritiek op Uhlenbeck).
24. REICHLING, A. 1965: 55.
 DE GROOT, A.W. 1962: 68, 69, 95, 99
 VAN WYK, E.B. 1964: 57-58.

25. DE GROOT, A.W. 1962: 101 e.v.
26. UHLENBECK, E.M. 1962: 28-29; 1963: 16.
 KRAAK, A. 1966: 32-39
 EVERS, A. 1966: „Negatieve zinnen”, *Levende talen*: 490-491.

BRONNELYS

- BLOCH, B. & TRAGER, G.L. 1950. *Outline of linguistic analysis*. Baltimore, Linguistic Society of America.
- BLOOMFIELD, L. 1940. *Language*. London, Allen & Unwin.
- DE GROOT, A.W. 1962. *Inleiding tot de algemene taalwetenschap; tevens, inleiding tot de grammatica van het hedendaagse Nederlands*. Groningen, Wolters.
- EVERS, A. 1966. *Negatieve zinnen*. *Levende talen*, 1966:488-499.
- GLEASON, H.A. 1955. *An introduction to descriptive linguistics*. New York, Holt.
- HALL, R.A. jr. 1964. *Introductory linguistics*. New York, Chilton.
- HOCKET, C.F. 1960. *A course in modern linguistics*. New York, Macmillan.
- KRAAK, A. 1966. *Negatieve zinnen*. Hilversum, de Haan.
- KRÜGER, C.J.H. 1967. *De structuur van die woordgroep in Tswana*. Pretoria. Proefskrif – Universiteit van Pretoria.
- REICHLING, A., e.a. 1962. *Taalonderzoek in onze tijd*. Den Haag, Servire.
- REICHLING, A. 1965a. *Verzamelde studies over hedendaagse problemen der taalwetenschap*. Zwolle, Tjeenk Willink.
- REICHLING, A. 1965b. *Radiopraatjies*. Johannesburg SAUK.
- REICHLING, A. 1965c. *Openbare lesings*. Potchefstroom.
- ROBINS, R.H. 1965. *General linguistics*. London, Longmans.
- UHLENBECK, E.M. 1962. *De beginselen van het syntactisch onderzoek*. (*In* Reichling, A., e.a. *Taalonderzoek in onze tijd*. Den Haag, Servire. p. 18-36).
- UHLENBECK, E.M. 1963. *An appraisal of transformation theory*. *Lingua*, 12:1-18.
- UHLENBECK, E.M. 1964. *Betekenis en syntaxis*. *Forum der letteren*, 5:67-82.
- UHLENBECK, E.M. 1968. *Taalwetenschap, een eerste inleiding*. 5e dr. s'Gravenhage, Ned. Boek-Steendrukkery.
- VAN DER LUBBE, H.F.A. 1958. *Woordvolgorde in het Nederlands*. Assen, Van Gorcum.

- VAN HEERDEN, C. 1965. Inleiding tot die semantiek. Johannesburg, Gouws.
- VAN WYK, E.B. 1962. Die Bantoetaalwetenskap as beskrywende taalwetenskap. Pretoria. Inougurele Rede — Universiteit van Pretoria.
- VAN WYK, E.B. 1964. Sinsleer (*In: Van der Merwe, H.J.J.M., red. e.a. Studierigtings in die taalkunde. Pretoria, Van Schaik, p. 39-*).

Ferdinand Postma-Biblioteek



010110641E

Gedruk deur PU